OOP KAARTE

MARTIENS VAN BART

Beverley het al haar 'struggles' oorkom

DIE verhaal van Beverley Crouts-Knipe, provinsiale bestuurder van die onlangs afgestigte Wes-Kaapse kantoor van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (Saeha), is een van 'n triomf ná 'n persoonlike struggle van meer as 'n dekade teen vooroordeel – ook in haar eie gemoed – oor haar herkoms, klas, geslag, ras én gestremdheid om uiteindelik 'n hoë sport in haar beroepsloopbaan te kan bereik.

Dié 33-jarige getroude vrou met gevorderde gehoorverlies staan tans aan die hoof van 'n personeel van vakkundiges en administratiewe beamptes met die gewigtige portefeulje om te waak oor die argitektoniese en kulturele erfenis van nasionale belang in Wes-Kaapland.

Die nuwe Wes-Kaapse Saeha-streekkantoor is gesetel in 'n eertydse historiese woning aan die Bo-Buitengracht in die Bo-Kaap, pas opgeknap en doelmatig ingerig.

Beverley Crouts-Knipe: "Hier was ek, 'n township-meisie, tussen die wit stadsjapies en plattelandse boertjies van die Vrystaat." Foto: MARTIENS VAN BART

BEVERLEY JOY CROUTS is 33 jaar gelede in Hanoverpark, 'n subekonomiese township op die Kaapse Vlakte, as die jongste spruit in 'n Afrikaanse werkersklasgesin gebore. Haar vader, mnr. Isaac Crouts, was 'n arbeider en haar moeder, mev. Wilhelmina (Krotz) Crouts, 'n huiswerker. Daar was ook twee susters, Jillian en Linore, en 'n broer, Oswald, wat verlede jaar oorlede is. Beverley se gehoorgestremdheid, wat deur die jare stelselmatig en onomkeerbaar na sowat 80% doofheid vererger het, is 'n oorerflike genetiese kwaal.

Sy wys met haar hande na die gehoorstukke in albei ore: "Hulle help deesdae nie veel nie. As ek nie my gespreksgenote se gesigte kan sien om hul lippe te lees en hul gesigsuitdrukkings kan interpreteer nie, is ek eintlik vir alle praktiese doeleindes heeltemal doof."

Die groot, donkerbruin oë kyk intens na jou. Net die effense eentonigheid in haar stem verraai haar gebrek.

Die jong vrou in haar fleur sien besonder goed versorg daar uit. Sy dra min grimering. Haar kleredrag is modieus, stylvol, amper formeel, en smaakvol. 'n Borsspeld van diamantblommetjies verraai haar liefde vir die mooi en edel dinge van die lewe. Dit is deel van haar inherente lewensvreugde – sy lag kort-kort vrolik as sy staaltjies oor die swaarkrydae vertel. Sy toon 'n optimistiese, warm en innemende geaardheid waarsonder sy kennelik nooit die veelvuldige struikelblokke in haar jonger lewe sou oorkom het nie. En sy dans graag – veral die tango – "om fiks te bly en sommer vir die lekkerte daarvan."

Haar taalgebruik op kantoor is suiwer: "Standaardafrikaans," sê sy, en sy lag. Maar tussen familie en vriende praat sy "loslit-Kaaps". Saans tuis by haar man, die argitek Trevor Knipe, praat sy Engels, want hy is nie 'n *township-outjie* nie, maar 'n *suburban coloured boytjie*, sê sy tong in die kies. Ook in Engels is sy vlot. "In die werkplek meng ek nooit die tale nie. Dit is onprofessioneel.

"Ek en Trevor ken mekaar al 15 jaar lank in 'n professionele hoedanigheid. Ons het ook saam gestudeer. Dit was nie liefde met die eerste oogopslag nie. Ons het na mekaar toe gegroei, en het verlede Desember besluit om af te haak. Ons eersteling is nou op pad. Ons sal maar sien hoe dit is om een kind groot te maak, maar geen groot gesin word op die oomblik beplan nie."

HAAR grootword-dae in die sewentigerjare het tussen Hanoverpark, Factreton, Wingfield en Windermere gewissel. Haar gunsteling-skoolvakke was biologie, geskiedenis en tale. Sy was aktief by skooldebatte en die leerlingraad betrokke. Later is sy aangewys as die eerste hoofmeisie van die Senior Sekondêre Skool Windermere. Tuis het sy haar oudste suster, Jillian (nou mev. Van Niekerk), graag gehelp om klere te maak, veral om die patrone uit te werk, en ook om borduurwerk te doen. Haar ouers is nou pensioentrekkers en woon steeds in Factreton.

"My skooldae was dié van 'n tipiese townshipmeisie. Al tyd wanneer ek uit die saai omgewing van die opeengestapelde *council*-huise kon ontsnap, was skoolvakansies, wanneer ek saam met my ma in Pinelands gaan *char* het, of by my ma se familie op die Morawiese sendingdorpies Mamre en Wittewater op die platteland kon gaan kuier. By geleentheid het ek ook op Saron gekom, waar my pa se familie was.

"Hoe lekker was dit nie om deel te wees van die eenvoud van die sendingstasiebestaan, so na aan die natuur, nie. Ek het geleer hoe om 'n bok te melk, hoe om met al die plaasdiere én die natuurprag om te gaan. Dit het 'n vryheidsgewaarwording by my laat posvat.

"Daardie dae was baie belangrik vir my vorming. En al het ek as jong meisie my nie bewustelik aan die mooi ou argitektuur gesteur nie, het die mooiheid daarvan so 'n onuitwisbare indruk op my onderbewussyn gemaak dat ek my vandag professioneel vir die bewaring daarvan beywer.

"Soms het ek saam met my ouers die Kaapse middestad besoek. Die mooi ou geboue het so 'n besonderse atmosfeer geskep. Ook dit het 'n diep indruk op my gemoed gemaak."

"Maar dit was net toeval dat ek as student en daarná by argitektuur en bewaring betrokke sou raak. In my matriekjaar, 1990, by Windermere, het my kop regte of natuurbewaring toe gestaan. Ek het toe ook politiek bewus geraak.

"Groot was my teleurstelling toe my aansoek om as regstudent by die UWK ingeskryf te word, afgekeur word weens die nuwe keuringstelsel wat nie op meriete gegrond was nie, maar eerder op ras en herkoms. Hierdie terugslag was moeilik om te aanvaar, omdat ek my in my tienerjare lank voorberei het om daar te gaan studeer.

"Met die spreekwoord 'ledigheid is die duiwel se oorkussing' het my ma my egter aangespoor om uit my bedruktheid op te staan en die lewe verder dapper aan te durf. Ek het by al wat 'n tersiêre instelling is aansoek gedoen om te probeer verseker dat naskoolse opleiding my tóg nog beskore gaan wees.

"Ek moes 'n jaar lank gaan werk om my brood te verdien en geld vir my studie te spaar. Ek sou later een van die eerste studente wees wat 'n beurs vir 'n deel van my studieskuld van my ou hoërskool, Windermere, ontvang."

Beverley lag hartlik: "Ek het haas enigiets eerliks onder die son gedoen om geld te verdien. Ek was vrugtepakker, skoonheidskundige, verkoopsagent, smous. By geleentheid was ek 'n fotografiese model vir *Landbouweekblad*. Telkens het ek na iets beters gemik.

"Maar ek was aan sulke informele werk gewoond, want reeds op skool het ek naweke uitgespring om my ouers geldelik by te staan én geld vir my latere studie te spaar. Ek het ook populêre juweliersware gemaak, wat ek by 'n stalletjie op Groentemarkplein in die Kaapse middestad verkoop het. En by geleentheid het ek selfs hoenders verkoop," vertel sy en nou lag sy éérs lekker.

Dit was juis op Groentemarkplein dat 'n student in die argitektuur haar aangeraai het om haar eerder by die Kaapse Technikon (nou Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie) in te skryf omdat die kursusse daar praktykgerig was. Dié meisie het haar ook vertel hoe interessant argitektuur is. En op die ingewing van die oomblik het Beverley aansoek gedoen om 'n nasionale diplomakursus in argitektuur aan die technikon te volg.

SY was pas daar as student aanvaar, toe laat die UWK haar weet sy kan haar maar vir die regte kom inskryf. Ook het die UK en die US laat weet hulle het plek vir haar. Maar sy wou toe nie omdraai nie – argitektuur en die technikon sou dit wees, "want die mens wik, maar God beskik". Sy sou eers later ontdek dat sy een van net 50 studente was wat uit 200 aansoekers gekies is.

Haar eerste jaar by die technikon was 'n yslike vuurdoop. "Hier is ek die eerste keer in my lewe uit die *townships* losgelaat om deel te wees van die studentesamelewing. Uit die 50 argitektuurstudente was daar net vier vroue en twee bruines. Ek was die enigste bruin meisie. Dit het 'n enorme aanpassing geverg. Ek het voorheen geen ander interaksie met mense van ander rasse gehad behalwe die kere dat ek saam met my ma gaan *char* het nie. (Weer lag sy lekker). Hier was ek, 'n townshipmeisie, tussen die wit stadsjapies en selfs plattelandse boertjies van die Vrystaat.

"Daar was aanvanklik 'n merkbare klas- en rasbewustheid onder die studente, maar ek het gou bevriend geraak met 'n wit student wat by D.F. Malan in Bellville op skool was. En algaande het ek op my gemak geraak. Teen my tweede jaar was ek reeds goed bevriend met van die fakulteitsmaats, waarvan die meeste 'n boukundige of 'n ingenieursberoep gevolg het.

"Al my lof gaan aan ons mentor, mnr. Jake de Villiers, hoof van die departement argitektuur. Hy het die tot nog toe onbekende omgewing van gemeenskapsargitektuur vir my help ontsluit. Ek wou juis 'n rigting volg waardeur ek agtergeblewe gemeenskappe kon help. En hierdie was 'n nuwe vakgebied."

IN 1994 het sy haar as leerling-argitek by Stauch Vorster Argitekte aangesluit, en 'n jaar later by die Cape Town Community Land Trust, wat onder meer met die herontwikkeling van Distrik Ses gemoeid was. Die politieke onderstrominge het egter groot probleme veroorsaak, en sy het haar aan die trust onttrek en haar by Groenewald Preller Argitekte aangesluit. Trudi Groenewald en Debbie Preller, twee dinamiese vroue, het ontwikkelings in die swart gemeenskappe van Kaapstad aan haar bekend gestel.

"Ook dit was vir my 'n totaal onbekende omgewing, maar die dankbaarheid van daardie inwoners omdat jy gekom het om hulle te help en hul omstandighede te verbeter, het die werk baie bevredigend gemaak."

Die projekte het gestrek van wonings tot tehuise vir bejaardes, klinieke en skole. Ook deel van haar werk was om behoeftebepalings te doen en die argitektuur daarby aan te pas – 'n besonder skeppende bedrywigheid.

Daarna het Beverley twee jaar lank vryskutwerk gedoen, onder meer op Sir Lowry's Pass by Somerset-Wes in die geselskap van twee Peruaanse argitekte, Lilian en Adolfe Linares. Dit was vir haar 'n groot uitdaging om ook met swart plakkersgemeenskappe oor die weg te kom. Die omstandighede was besonder problematies, omdat plattelandse swart mense daar met buitestedelike bruin mense in aanraking gekom het.

Armoede was die gemene deler. En so moes sy leer om naas argitektuur en gemeenskapsbouer ook fasiliteerder, vrede-maker en probleemoplosser te wees.

Haar latere betrokkendheid by die oprigting van die Wallacedene-kliniek naby Kraaifontein was ook veeleisend. Afrikaanssprekende bruin mense het daar in kontak gekom met Xhosasprekende swartes. Almal plakkers. Dit was inderdaad 'n kookpot van taal-, kultuur- en politieke wrywing. En om haar argitektoniese doel te kon bereik, moes sy die onderskeie gemeenskappe tot samewerking omhaal, koördineer, netwerke daarstel, vrede maak en ook welsynwerk verrig.

Daarna is sy deur die dinamiese Rhoda Kadalie oorreed om haar behulpsaam te wees by die departement van grondsake en grondeise om grondhervorming en grondeis-evaluering vir Distrik Ses te laat plaasvind. Dit was uiters problematies weens intense politiekery en 'n gebrek aan vertroue tussen die rolspelers. Sy het 'n positiewe bydrae tot die verwerking gelewer deur diagramme vir die grondeisehof te ontwerp wat almal se werk bespoedig en vergemaklik het.

In dié tyd, 1999, het USAID haar 'n internskap van drie maande in Amerika toegeken en is sy na Seattle, San Francisco, Oregon, Tacoma en New York om onder meer gemeenskapsopheffingsprojekte onder leiding van die Highline Community College, Washington-universiteit en die Evergreen Tacoma College vir die inheemse Indiaanse gemeenskappe mee te maak.

Dit is toe dat sy besef het dat Suid-Afrikaanse grondhervormingswetgewing wetlik verder gevorderd was.

Sy is blootgestel aan haar verskillende beroepsterreine en ander belangstellings, argitektuur, stads- en streekbeplanning, sentrums en programme vir mishandelde vroue en kinders, asook natuur- en erfenisbewaring. Sy het goeie ervaring opgedoen, gedagtes uitgeruil en hegte vriendskapsbande gesmee.

BY haar terugkeer het sy haar by die destydse Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede aangesluit, wat kort daarna die SA Erfenishulpbronagentskap geword het. Die nuwe werk het haar soos 'n handskoen gepas "omdat die bewaring van ons erfenis in wese gemeenskapsgerig is".

Om in pas te bly met die jongste verwikkelinge op die gebied van bewaring, het sy 'n meestersgraad in behuisingsontwikkeling en bestuur aan die UK behaal, en werk sy tans aan 'n meestersgraad in stads- en streekbeplanning aan dieselfde universiteit.

Sy het ook 'n sertifikaat in publieke administrasie deur die Indiana-universiteit verwerf. "Ek moes diversifiseer om 'n geheelbeeld van my terrein te verkry."

Haar grootste uitdaging is tans om die agteruitgang van sensitiewe plattelandse gemeenskappe met groot erfeniswaarde te probeer stuit. Daar is 'n wesenlike gevaar dat townships in informele nedersettings verval, en lae-inkomste-behuising weer in die veel hagliker townships verval. Belangrike erfenisgebiede op plekke soos Genadendal, Kassiesbaai, Stellenbosch en Malmesbury is besonder kwesbaar.

Dat Beverley en haar vaardighede in owerheidsweë hoog aangeslaan word, spreek uit die feit dat sy Suid-Afrika reeds sedert 1999 in Afrika en oorsese lande op kongresse en andersins verteenwoordig het. Dit sluit 'n byeenkoms in 2004 in Boedapest van die Internasionale Wetenskapskomitee oor Argitektuur in. In 2003 het sy 'n Fullbright-toekenning vir uitnemendheid in haar beroep ontvang.

HAAR werk hou haar baie besig en sy het min tyd tot haar beskikking vir buitemuurse bedrywighede. Sy gee egter voorkeur aan dans en aërobiese oefeninge vir stresverligting. Vir haar en Trevor is reis in die buiteland hul voorliefde, veral in die Ou Wêreld, waar argitektuur en stadsbeplanning op sy beste gesien en waardeer kan word. Hul gunstelingbestemming is Venesië, inderdaad 'n opelugmuseum en sprokieswêreld in een.

Op skool het sy aan gimnastiek deelgeneem en was sy 'n knap atleet in die 800 m en die 1 500 m. En tot haar 19de jaar was sy aktief betrokke by jeugwerk in die Anglikaanse Kerk.

MAAR hoe oorkom sy haar gehoorgestremdheid in die werkplek? Sy sê die nuwe rekenaartegnologie maak alles so maklik. Dit is eintlik 'n bedekte seën om nie 'n telefoon te kan gebruik nie. Dit laat sy aan haar kollegas en die skakelbeampte, mnr. Solayman Ebrahim, oor. Met e-pos en SMS-boodskappe kom sy heel goed oor die weg.

Maar sy mis dit tóg dat sy nie soms met haar ouers, familielede en vriende oor 'n selfoon kan klets nie, veral met haar suster Linore, wat haar in die sneeuberge van Noorweë gaan vestig het: "Ek is 'n mensmens, en ek gesels graag."